

HEILBRON

HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

WAT 'N BELEWENIS



Wat 'n gesig is dit en 'n voorreg om ons land se damme so vol te sien. Twee Heilbroners het verlede week besluit dat hulle dit self wil beleef en hulle motorfiets se neuse Suidwaarts gestuur. Die eerste stop was Vanderkloofdam en daarna oornag hulle op Douglas waar die Vaal- en Oranje-rivier saam vloei. Saterdag was dit Augrabies toe.

JC Pretorius en Julyan Bruyns is ook nie meer vandag se kuikens nie, en dit was 'n belewenis vir die twee manne. Die besoek aan die Augrabies watervalle was 'n ongelooflike gesig en so het 10 000 ander mense ook gedink. Dit was die meeste besoekers sedert 1988. Rondom Kakamas het die kwik op 41 grade gedraai en tussen Prieska en Groblershoop is hulle deur 'n swerm sprinkane. Hulle was drie dae later tuis met 2330km agter die blad. "My bucketlist is nou een korter", was Julyan se slot opmerking.

>>> BLADSY 2

Covid-19 eis gemeenskapsleier
Luitenant-Kolonel Faan Potgieter is Sondagmiddag in die Midvaal Hospitaal aan Covid-19 oorlede. Hy laat sy vrou, drie kinders, skoondogter en kleindogter na.

>>> BLADSY 3

Vaaldam se hekke oop
Maandagmiddag het die Vaaldam sy 100% merk van kapasiteit bereik en is daar Donderdag drie sluise oopgemaak vir vloedbeheer.

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2009/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*



COVID-19 EIS PROMINENTE GEMEENSKAPSLEIER

Luitenant-kolonel Faan Potgieter is Sondagaand in die Midvaal Hospitaal aan Covid 19 oorlede. Sy vrou Malie, wat ook die virus opgedoen het, sterk by die huis aan en dit gaan daagliks beter met haar.

Faan was 'n uitstekende boer en geliefde lid van 'n gemeenskap waar hy 'n verskil gemaak het in baie lewens, elke dag. As oud-leerling van Hoërskool Heilbron kon hy verlede jaar in November saam met sy klasmaats hulle 45ste reünie bywoon.

Na skool word Faan opgeroep om diensplig te doen in die Suid Afrikaanse Weermag – 'n plig

wat hy daarna as lewensroeping opneem en dit 'n passie word wat hy uiteleef: om te lei, te beskerm en te beveilig. Later dien hy as luitenant-kolonel in die plaaslike kommando en daarna as reservis in die plaaslike polisie diens, waar hy na 40 jaar in die veiligheidsdiens uittree.

Vir hom was diens aan sy medemens die geleentheid om 'n verskil te maak en nie 'n werk nie, maar 'n voorreg en 'n plesier. Faan was in hart en siel 'n boer. Hy het sy lewe daaraan gewy om 'n mooi boerdery op te bou en het baie vreugde daaruit geput om elke dag in die natuur te wees saam met sy

twee seuns, Piet en Faan.

Faan laat sy vrou Malie, sy seuns Piet en Faan, sy dogter Marnie, sy skoondogter Samantha en sy geliefde kleindogter, Leané agter.

Hy word op Vrydag 12 Februarie om 11:00 op sy plaas, Langverwacht, ter ruste gelê. Slegs sy familie sal 'n klein diens, gelei deur Ds. Hans van Vuuren, bywoon. Vriende, familie en naasbestaandes wat graag 'n laaste totsiens wil sê is welkom om van Vrydagmiddag af en enige dag oor die naweek die graf te besoek.

OUD-HEILBRONNER HOOF VAN BIOVAC

Teen hierdie tyd het die meeste mense al van Biovac gehoor. Dit is die maatskappy wat aangewys is om die 1ste entstof vir Covid-19 te berg en onder gesondheidswerkers in Suid-Afrika te versprei.

Die Biovac-instituut is in 2003 gestig as 'n vennootskap tussen die private sektor en die staat om die staat se aankope en verspreiding van entstowwe te behartig. Tans versprei hulle plaaslik miljoene dosisse vir kinders, waaronder siektes soos masels, polio en tuberkulose. Hulle is werksaam vanuit die geboue van die voormalige Staatsentstofinstituut in Kaapstad, wat hulle oorgeneem het.

Dr. Morena Makhoana is tans 43 jaar oud en reeds vir 10 jaar die uitvoerende hoof van die Biovac-instituut. Makhoana het in 2000 sy Baccalaureus in geneeskunde en Baccalaureus in chirurgie (MBChB) aan die Universiteit van Kaapstad verwerf en daarna 'n jaar internskap by 'n hospitaal in Johannesburg gedoen. Hy het

in Januarie 2002 Heilbron toe gekom om sy gemeenskapsjaar by die plaaslike hospitaal, nou beter bekend as Tokollo hospitaal, te doen. Hy vertel dat hy dit so geniet het, dat hy langer as die voorgestelde jaar aangebly het. In 2003 is hy aangestel as die senior mediese beampte in dieselfde hospitaal en daarna het hy die waarnemende hoof van kliniese dienste geword.

Hy beskryf Heilbron as 'n klein Vrystaatse dorpie en dat hy dankbaar is hy het hierheen gekom eerder as om in die stad te werk. In die stad word jy toegewys om in 'n spesifieke departement van die hospitaal te werk. In Heilbron kon hy egter meer ondervinding opdoen, omdat die hospitaal heelwat kleiner is en kon hy 'n groter verskeidenheid van mediese sorg lewer as in 'n stadshospitaal. Hy het ook verskeie bestuursvaardighede geleer in sy tyd as waarnemende hoof, wat hom vandag as uitvoerende hoof van Biovac baie help.

Hy onthou van sy tyd in Heilbron spesifiek vir Dr. Van der Merwe

wat op daardie stadium 'n huisdokter was en beskryf Heilbron as 'n snoesige plek waar hy maklik met die mense oor die weg gekom het. Op daardie stadium het sy suster, wat woonagtig was in Johannesburg, na iemand gesoek as helper en oppasser vir haar baba en dié vrou vanaf Heilbron is steeds na 16 jaar in haar diens.

Biovac het in 2012 'n tegnologie-oordag met die internasionale farmaseutiese Sanofi Pasteur vir die plaaslike vervaardiging van die kinderentstof Hexaxim aangegaan. Die entstof word gebruik vir die lewensbedreigende kindersiektes difterie, tetanus, kinkhoes, hepatitis B, polio en 'n bakterie wat ernstige longontsteking veroorsaak.

Die produksie het uiteindelik in November 2020 begin en is dit die eerste keer sedert middel 1990 dat enige menslike entstof in Suid-Afrika vervaardig is. Dit is ook die enigste vervaardiging van die entstof vir Sanofi wat buite Frankryk gedoen word, berig Netwerk24.



Rondom die Covid-19 entstof vertel Dr. Makhoana aan Heilbron Herald dat hulle tans wag dat die departement van gesondheid die getalle van die gesondheidswerkers bevestig, waarna hulle die entstof landswyd sal versprei. Dit is 'n enorme proses, omdat nie net bepaal moet word hoeveel dokters, verpleegsters en ander gesondheidswerkers daar is nie, maar ook die aantal skoonmakers en ander werkers wat in dieselfde werksomgewing blootgestel word aan Covid, moet in ag geneem word.

VAALDAM SE HEKKE OOPGEMAAK

Teen Maandagmiddag laat het Vaaldam die 100%-merk van sy kapasiteit bereik nadat swaar reën die laaste maand in die noordelike gedeeltes van die

land uitgesak het.

Aan die begin van Desember was die dam slegs 25% vol en is hierdie die eerste keer sedert 2018 wat die dam weer sy volle

kapasiteit bereik het. Die Departement van Water en Sanitasie het gister drie van die sluise oopgemaak omdat riviervloei na die dam besig is om dit vinnig vol

te maak. Die riviervloei en weervoorspellings het gelei hiertoe nadat die dam 103.5% kapasiteit bereik het en dit is nodig vir vloedbeheer. Vaaldam het 26% vloedbeheer kapasiteit bo sy 100% merk en kan Vaaldam 126% vol word voor hy werklik "oorloop".



Foto-erkenning: Petri Muller wat foto uit Frans Muller se vliegtuig geneem het.

HEILBRON VEILING GPS: S27°12.389' E28°04.546'

46 Jaar

In opdrag van
Wesdan Boerdery
word die volgende te koop aangebied op
Woensdag, 24 Februarie 2021
om 11:00 te
plaas Canossa,
Heilbron

Louise
DOHNE MERINO
STOET

Veiling vind plaas onder streng Covid-19 veiligheidsmaatreëls. Slegs kopers word toegelaat dag van veiling.

46 Jaar se Uitstekende Teling en Genetika

ROETE: VANAF HEILBRON: Ry op die Frankfort teerpad vir 5 km. Draai links op pad S160. Ry vir 15 km. Draai links by plaas in: **VANAF FRANKFORT:** Ry op die Heilbron teerpad vir 45 km. Draai regs op pad S160. Ry vir 15 km. Draai links by plaas in: **VANAF SASOLBURG:** Ry op die Heilbron teerpad vir 38 km. Draai links op die S1220 pad. Ry vir 16 km tot by die T-aansluiting. Draai regs en ry vir 1 km. Draai links en ry vir 7 km tot by T-aansluiting. Draai regs en ry vir 5 km. Draai links by plaas in:

575 Uitstekende Bonsmara beeste

30 Koeie met 30 kalwers (moontlik 3-in-1).
50 Koeie (dragtig).
25 Verse (dragtig; 2018).
40 Verse (dragtig).
100 Verskalwers.
300 Bulkalwers.

NOTA: Top Bonsmara boerbeeste. Dragtigheidsstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees.

Die kalwers is almal gespruit vir long en lugweg sowel as spoor siekte. Hulle word gespeen 25/01/2021 so hulle sal droog en aangepas wees vir die voerkraal. Ons kalwers behaal goeie resultate in die voerkraal. Ons voer al vir geruime jare by Sernick voerkraal en slag by Country meat abattoir op Kroonstad. Die vorige somer kalwers wat in die winter gevoer was se resultate met 500 kalwers wat gevoer was. Uitslag % oor die osse en verse was 62%. Die gem. Groei per dag was osse: 2.1kg en verse 1.9kg met 0% mortaliteit.

300 Uitstekende Dohne Merino skape

50 Ramme (A en AA ramme).
250 Jong ooie (kommersieel; dragtig; 2 tand tot 6 tand; 6 maande wol).

NOTA: Alleskape geënt 10-in-1, Multi Somni, Cydectin LA, Prodise Yellow, Bloutong A, B en C apart. Dragtigheidsstatus en katalogus inligting sal dag van veiling beskikbaar wees. Onder beskerming van die Dohne Merino Telersgenootskap.

NAVRAE: Birtus Lunde 079 679 1718, Piet Boshoff 083 219 7135, Darius de Wet (skaap- & wol beampte) 082 772 4537, Aileen van Nieuwerf 083 306 8488, RKB Louw: FRANKFORT: 058 813 1071. Vir volledige besonderhede, katalogus en oorswaarde besoek gerus ons webtuiste: **www.bkb.co.za**



UIT DIE PEN

Ek is ingeteken op 'n Afrikaanse nuuswebwerf. Weliswaar 'n klein footitje per maand, maar ek kry vars nuus. Partykeer effens verkeerd, ander kere onvolledig. Daar is soms spelfoute en ander kere feitefoute. Maar dit hou my op die hoogte van wat elke dag gebeur. Ek versind min of meer elke berig (die Geldsakeberigte is effens vervelig, ek lees by hulle verby) en lees gewoonlik die kommentaar deur lesers gelewer. Self laat val ek ook af en toe 'n stukkie kommentaar, sou die geleentheid hom voordoen. Onder my eie naam.

Dieselfde nuuswebwerf het 'n weeklikse tydskrif wat my ure se vermaak verskaf wanneer ek die briewekolom lees. Daar is min tot geen nuus in die briewekolom nie, maar ek kan myself voorstel hoe elkeen van die briefskrywers lyk en waar hulle woon, veral as hulle sulke *scaly* skuilname het soos "K op P". Plaas jy gee jousef 'n ander mensnaam, iets soos Koos Pienaar, as jy nie wil sê dat jy eintlik Albert Kock is nie.

Dan is daar 'n ander Afrikaanse nuuswebwerf waar ek nie die artikels lees nie, maar net die

kommentare. Want baie hiervan is regtig *kommin-tare*.

Die afgelope week was Oscar Pistorius weer in die nuus: hy kan blykbaar alreeds volgende jaar aansoek doen om parool. Volgens die kenners mag iemand aansoek doen om parool wanneer ten minste 50% van die tronkstraf reeds uitgedien is.

(Moet dit net nie verwar met iemand soos Schabir Shaik nie, hy was mos terminaal siek, maar as gevolg van 'n wonderwerk leef hy nog steeds. Moet dit ook nie verwar met Janus Walus en Clive Derby-Lewis nie. Laasgenoemde is in 2015 parool gegee en hy is 'n jaar daarna aan kanker dood. Sy vorige parool aansoek was onsuksesvol. Maar Walus se parool aansoek sal nooit as te nimmer goedgekeur word nie, dit weet ons almal).

Iedereval: die kommentaar op Oscar se paroolnuus het weer *clickbait* geword. Want hoe meer sensasioneel die opskrif en die artikel is, hoe meer mense lees dit, hoe meer wil deel wees van die nuuswebwerf. Dit is 'n bemarkingstrategie.

Een soort kommentaar wat ek nou tot vervelens oor Oscar (en nog 'n paar stouterds) gelees het is dat ons, as lesers, nie moet oordeel nie. Nou dat ek daaraan dink, gee dieselfde mens wat nie vir Oscar wil oordeel nie, nie dieselfde kommentaar wanneer daar oor korrupsie geskryf word nie. Nietemin.

As ek weer gaan lees dat ons nie mag oordeel nie, gaan ek skree.

Want een Bybelvers word uit verband geruk. Soos menigte ander verse. Teks en konteks, het my predikant my geleer.

Maar dalk is my interpretasie daarvan verkeerd, en ek sal met graagte 'n teregwyding van iemand met meer kennis hiervan aanvaar.

Dis heeltemal reg dat die Bybel in Matteus 7:1 sê: "Moenie oordeel nie, sodat jy nie geoordeel word nie.

WEEK SES VAN 2021

Met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarin jy meet, sal daar vir jou gemeet word."

Ek dink nie die Bybel verwys hier na skynheilige oordeel, of oordeel uit onkunde nie. Hoekom word hierdie vers elke keer gebruik, maar dieselfde kommentator meen dat die regter se uitspraak reg was. Wat doen 'n regter anders as om te oordeel?

Ouers oordeel of 'n kind se daad reg of verkeerd was, en daarmee saam word die straf bereken. Dieselfde met onderwysers: hulle oordeel of die leerder se taak of mondeling of opstel goed of minder goed is.

Solank oordeel regverdig is. Niemand het gesê dat Oscar, of wie ook al, nooit die ewige lewe gaan beërwe nie, hulle noem net dat die spesifieke persoon 'n moord gepleeg het of gesteel het of watter oortreding hulle ook al begaan het, en, baie belangrik, dat hulle sodanige straf moet dra.

Ek het iemand geken wat 'n paar miljoen by haar werkgever gesteel het. Sy is uiteindelik aangekla en moes tronk toe. Sy het haar werkgever se vergifnis gevra en dit gekry. Haar familie kon nie verstaan hoekom sy nog steeds moet tronk toe, al het haar werkgever haar vergewe nie.

Maklik: as jy 'n oortreding begaan het, moet jy nog steeds geoordeel word vir dit wat jy gedoen het nie. Op hierdie aarde moet jy nog steeds jou straf dra, ongeag.

Ek hoor baie *millennials* wat, wanneer hulle foutter het, dadelik sê: "Moenie my *judge* nie." En hoekom nie? Jou optrede was verkeerd en jy moet dit weet. En as jy daaroor gestraf moet word, gaan jy. *Bottom line*.

As jy my nie glo dat ons mag oordeel, maar regverdig oordeel nie, lees ek die volgende in Levitikus 19: "Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste."

O, jy sê ons hoef nie alles te gehoorsaam wat in die ou Testament is nie, want daar staan ook dat jy nie jou baard mag skeer nie, jy mag nie tatoeëermerke aanbring nie en dies meer?

Die nuwe Testament sê dit ook: 1 Korintiërs 6:12: "Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: 'Verwyder die slegte mens onder julle uit!'"

Sterk woorde. Vir my beteken dit dat ons mag oordeel oor iemand wat aan ons gemeente behoort, wat saam met ons dieselfde God aanbid. Ons mag oordeel oor mense wie ons wil tereg wys.

Dus: aan die kommentators wat elke keer sanik dat ons nie mag oordeel nie: my Bybel sê ek mag, solank dit is om iemand reg te help, en solank dit in 'n gees van sagmoedigheid is en solank ek nie saam met die wandaad gaan nie.

Die probleem is net dat die tannies wat aanmekeer hierdie kommentare lewer, nie hierdie koerant lees nie. Maar so ver as wat jy beweeg: vertel asseblief vir die tannies en die *millennials* en al die ander wat in ontkenning lewe:

Jy mag judge. Daar is net mooi niks daarmee fout nie. Jy probeer iemand help.

KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

KENNISGEWING

Kennisgewing in die boedel van WYLE JACOBUS CHRISTIAAN VAN SCHALKWYK
Identiteitsnommer: 590811 5033 085 in lewe 'n Boer woonagtig te plaas Mooidam, Reitz, 9810, ongetroud.
Datum van afsterwe: 24 Desember 2019
Boedelnommer: 005347/2020
Kennis geskied hiermee aan debiteure en krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6
REITZ, 9810

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
MAANDAE TOT VRYDAE - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.



BLOEDSKENK DATUMS



23 Maart
25 Mei
27 Julie
28 September
23 November

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5
Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Marilize herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

VOERTUIG TE KOOP

2007 Jeep Grand Cherokee te koop.
Baie goeie kondisie.
Skakel Jannie
071 440 1831



TE HUUR

HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

HEAR4LIFE, 'n gehoorpraktik van Pretoria, besoek Heilbron weer op DONDERDAG 18 FEBRUARIE.
PLEK: RIEMLAND APTEEK
TYD: 09:00 tot 14:00

Gehoortoetse en apparate teen Mediesefonds tariewe. Gratis gehoorsiftings by die apteek.

Skakel /WhatsApp Ria 063 959 3028 vir afspraak.



KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



Andries Muller
072 447 7446

Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou


MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.
Kontak Jannie Bornman
072 287 4111 • Heilbron



BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

POSTNET HEILBRON


Maandae - Vrydae:
08:00 - 16:30
Saterdag:
09:00 - 12:00

Elstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

GiG Technologies

• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Services
• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@gigtechnologies.co.za



SMALLS

EIENDOMME


VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE KOOP


DENNEHOUT PLANKE
Groot hoeveelheid beskikbaar. Alle breedtes en lengtes. Ideaal vir die toemaak van palissades.
Skakel 079 364 4098 of 082 493 8013



COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Dit is vandag dag 323 van die inperking en die jongste getal koronavirusinfeksies vir Suid-Afrika staan op 1 482 412 en die dodetal op 47 145. Altesaam 1 374 368 mense het reeds herstel. Heilbron se bevestigde gevalle staan op 760 soos ontvang teen 10 Februarie 2021 van die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste. Heilbron Herald het laas week berig oor getalle ontvang tot op 31 Januarie en is daar sedertdien 15 nuwe gevalle in Heilbron

aangemeld. Die Fezile Dabi distrik is versigtig optimisties en lyk dit of die aantal infeksies aan die afneem is. Daar is vir die maand van Februarie 211 gevalle vir die distrik tot dusver aangemeld. Daar word nou voorbereidings gedoen vir die derde golf. As jy 'n gesondheidsorgwerker is en graag die Covid-19 inenting wil ontvang, moet jy registreer via die elektroniese inentingsdatabasis deur by <http://vaccine.enroll.health.gov.za/>





Op reis na (n)êrens

OOM DANIE SKRYF...

Liewe dominee Braam

Dit is ek, oom Danie. Net voor ek begin kla, wil ek net dankie sê vir Sondag se boodskap op WhatsApp. Dit was baie mooi. Dankie, dominee Braam. Ai, mense kla so maklik.

Lyk my die virus skep probleme vir almal. My opsluit saam met die tannie is nie maklik nie. Maar wie is ek om te kla. Selfs mense wat gelukkig getroud is, vind dit glo moeilik in hierdie tye. Verstaan Dominee?

Daar is so baie stories op WhatsApp en Facebook, mens weet nie meer wat om te glo nie. Eers is gesigmaskers niks werd nie en nou vertel hulle dit help tog baie. Dominee Braam, ek wil nie kla nie, maar nou is daar nie meer maskers te koop nie!

Verstaan Dominee? Ons wou self maskers maak, maar met die geskarrel om noodkossies te koop, het ons nooit ons naaldwerkmassien by ou Dawid gaan haal nie. Weet in elk geval nie of hy hom al klaar gediens het nie...

Ai, dominee Braam, die tannie mis haar uiteet by Mug & Bean so baie. Ek sê vir haar ons het darem nog Mug & Bread! Daar is mense wat niks het nie. Toe raak sy lelik en beskuldig my dat sy weet van my Mug & Brandy in die motorhuis. Dominee dis nie waar nie.

Maar wat ek eintlik wou sê: Ons het toe 'n plan gekry met die gesigmaskers. Ons gebruik nou van die tannie se bra's. Dominee ek wil net weet, is dit sonde as 'n man 'n bra dra?

Maar as dit is, dominee Braam, dan vra ek vergifnis. Dit is tog nood... Ons mors ook nie. Eers wou ons dit in twee sny, maar wat maak as die virus eendag verby is. Die tannie het tog albei nodig. Toe besluit ek en die tannie ons sal maar een saam gebruik. Toe

sê hulle op TV ons moet sosiale afstand behou, ons moenie so naby mekaar loop nie. Dominee, mens weet ook nie meer wat reg of verkeerd is nie. Ons gebruik nou maar elkeen sy eie bra.

Dominee sien jy vat die linker t*t* se bra. Ai Dominee, dit is vir my moeilik om daai woord te gebruik. Laat ek dit liewer so stel. Jy vat die deel waar die linker speen in kom en vou dit in die deel waar die regter speen in kom. Verstaan Dooms? Dit werk perfek. Ek sê vir die tannie ons het nou sommer *double protection*!

Ek kla nie Dominee. Die ding is net effe groot. Die tannie is mos bolangs groot uitgedeel. Dominee weet mos. Die ding maak toe tot by my kuiltjie. Wat ek eintlik vir Dominee wou sê, is ek dink ek en die tannie het gesondig. Dominee sal verstaan. Ek wil nou nie die skuld op die tannie pak nie, maar die hele ding het met haar begeertes begin.

Dominee onthou hoe ek verduidelik het van die tannie se begeerte na Mug & Bean se kos? Wel by gebrek daaraan, het ons bietjie te lank by Mug & Brandy gekuier. As Dooms sal verstaan wat ek bedoel.

Ons het sommer daar in die kombuis gesit en later lekker gegiggel oor alles. Dis toe dat die tannie lag en sê dis Maandag ons moet seker die vullissakke op die sypaadjie sit. Ons het toe al oor alles gegiggel, Dominee.

Ek stel toe voor ons gaan altwee, ons was lanklaas saam uit. Sy sê toe sy het nie 'n mooi rok nie. Ek sê toe in daai geval kan sy sonder 'n rok gaan. Daar is tog niemand op straat nie.

Dominee weet mos hoe gaan dit met sonde. Die een ding lei tot die volgende. Sy wou haar doodlag en sê toe op een voorwaarde as ons albei kaal gaan.

Dominee, jy sal weet. Dit is presies

deur Albie Schoeman

Skets erkenning: Mia Marais

DEEL 1

30 Maart 2020



hoe die duiwel vir Eva gebruik het. Ai Dominee, ek kry skaam oor ons optrede. As Dominee voel ons moet onder sensuur geplaas word, ons sal verstaan.

Ai Dominee dit is vir my moeilik om te sê, ons is toe daar uit met nie 'n draad klere aan nie, behalwe ons maskers vir veiligheid. Dominee sal verbaas wees hoeveel vullis mens veroorsaak as jy nie kan uitgaan nie.

Dominee, die duiwel is listig. Ek het die hek se remote soos gewoonlik op die lorrie se bonnet gesit, sodat ek 'n sak in elke hand kon vat. Dominee, ek sê jou dit moes die duiwel se werk gewees het. Ons was net op die sypaadjie, toe gaan die hek vanself toe en daar staan ons soos Adam en Eva buite die poorte van die Paradys. Met nie 'n vyeboom in sig nie!

Ai Dominee, dit is nie maklik om hieroor te praat nie. Maar wat ek eintlik wou sê, is dit maak my kwaad as almal grappies maak oor als. Dominee Braam, sê nou vir my of ek verkeerd is. Dit is sy wat gesê het ek moet saamgaan. As sy alleen was, kon ek die hek van binne oopgemaak het.

Wat my die seerste maak, is dat sy my beskuldig dat Oom onvanpas was. Dominee Braam, moes jy al ooit 'n kaal vrou oor 'n muur help? Dit is nie so maklik nie, veral as sy aandrang jy moet haar bra oor jou oë trek.

Verder gaan dit goed met ons. Amper vergeet ek. Groete vir Mevrouw.

Oom Danie. (Onthou om te laat weet van die sensuur. Ons sal verstaan.)



KATTEHAAT OF KATTEKWAAD:

Katte word sinneeloos vergiftig, raak weg en daar word op hulle geskiet. Hierdie onmenslike gedrag is die oorsaak van pyn en lyding in diere asook vir die eienaars.

Indien jy in die omgewing van Hoërskool Heilbron bly of

Dinsdagaand jou geweer op 'n gemmerkat in daai omgewing gerig het, is hierdie skrywe spesifiek vir jou!

Inwoners moenie die wet in eie hande neem nie en indien 'n kat 'n probleem is vir jou, neem dit op met die eienaars.

Indien my kat jou ooit gepla het vra ek omverskoning, maar ek sou dit verkies as jy dit soos 'n grootmens kon hanteer eerder as jou kattehaat op Simba uit te haal. Indien dit 'n kind was wat besig was met kattekwaad, vra ek ouers om nie jou kind toe te laat om met 'n windgeweer in die strate te

baljaar nie.

Simba is veearts toe gejaag na hy met 'n vreeslike ongelukkige meouw in my huis krippel ingekom het ongeveer half 7 die aand.

Gewoonlik was ek toegelaat om wonde te ondersoek, maar hierdie keer was Simba meer ongelukkig as gewoonlik en kon ek geen fout vind op die oog af nie. Simba is op die veearts tafel neergesit en het die wond basies net begin bloei uit 'n klein gaatjie op sy sy. Dr. Piet diagnoseer dadelik dat hy met 'n *pellet gun* geskiet is en vertel dat hierdie voorval eintlik nogal

BRIEWE VAN ONS LESERS

gereeld in Heilbron plaasvind. Jy wat Simba sy lewe kon kos en elkeen wat ooit op 'n troeteldier geskiet het, jy is die probleemier wat ons troetelkinders se lewens verander en vernietig.

NUWE MINIMUM LOON

Die minister van werkskepping en arbeid het Dinsdagaand in die staatskoerant gepubliseer dat die Nasionale Minimum loon met 16.1% sal styg. Hierdie verandering sal vanaf 1 Maart 2021 in werking tree en is

plaaswerkers geregtig op uurlikse vergoeding wat styg van R18.68 tot R21.69. Die minimumloon-verhoging skok die landbousektor en word daar voorspel dat die werkloosheidsyfer sal styg en duurder kos ons land se voorland is. Ten spyte van die landbousektor instansies se beswaar teen die voorgestelde verhoging, is daar steeds voortgegaan om aanpassings aan te bring, sonder om in ag te neem dat Suid-Afrika tans groot ekonomiese uitdagings ondervind tydens die Covid-19 pandemie. Kenners reken dat boere hul produkte se pryse gaan moet verhoog en sal hierdie verandering waarskynlik tot verhoogde meganisasie lei om arbeidsrekenings te verlaag, wat 'n hoër werkloosheidsyfer tot gevolg kan hê. Huiswerkers is nou geregtig op 'n minimum loon van R19.09 per uur en werkers in diens van 'n uitgebreide program vir openbare werke is geregtig op R11.93 per uur. Daar word geglo dat hierdie verandering 'n omgekeerde uitwerking in die land sal hê as wat die regering daarmee bedoel.

2021 SKOOLKALENDER AANGEPAS

Die Departement van Onderwys het Dinsdag die voorlopige skoolkalender vir 2021 bekend gemaak. Die kalender moes aangepas word omdat die heropening van skole met twee weke aangeskuif is. Die eerste kwartaal eindig 23 April, waarna die tweede kwartaal op 3 Mei afskop en tot 9 Julie sal duur. Die derde kwartaal sal wees van 26 Julie tot 1 Oktober en die vierde kwartaal strek van 11 Oktober tot 15 Desember. Leerders en onderwysers kan uitsien na slegs een week vir die April vakansie en twee weke vir die wintervakansie. Die onderwysers se Desembervakansie sal vanjaar dieselfde dag as die van die leerders begin. 'n Normale skooljaar bevat gewoonlik 200 skooldae en sal leerders vir 2021 dus 192 skooldae bywoon wanneer hulle die komende Maandag terugkeer na die skoolbanke. Die skooljaar kan egter weer aangepas word weens die Covid-19 pandemie en die departement moet verstaan dat dit moeilik sal wees om steeds die tradisionele 200-skooldae kalender te handhaaf in hierdie omstandighede.

Heilbron Huis- & Tuinbouklub
Noei almal uit na hul vergadering op
17 Februarie 2021
10:00
Klipkerkie
Vrou wat voluit leef!
Bevestig teenwoordigheid
Navrae: Nellien Scheepers
082 414 3123

Pregnancy / Breastfeeding and going back to work

What does South African law say?

1. "Laws consider dismissal of an employee on account of her pregnancy, intended pregnancy, or other reasons related to her pregnancy, as automatically unfair."
2. You may choose when to start your maternity leave. It can be any time within the 4 weeks before your expected due date, but you don't have to take maternity leave from 36 weeks unless your personal contract states otherwise.
3. Employees are entitled to at least 4 consecutive months' maternity leave but it does not have to be paid maternity leave.
4. In the case of unpaid maternity leave, then you can claim from the Unemployment Insurance Fund (UIF) if contributions were made to the fund.
5. It is recommended that you take at least 6 weeks maternity leave after the birth of the baby. If you wish to return to work before 6 weeks have elapsed after the birth of your baby, then you will need a medical certificate from your obstetrician.
6. At work, you are entitled to two breastfeeding breaks of 30 minutes each for breast-feeding or expressing milk every working day for the first six months of the baby's life.
7. If you've suffered a pregnancy loss after 28 weeks gestation, you are entitled to 6 weeks maternity leave.

Code of Good Practice on the Protection of Employees during Pregnancy and after the Birth of a Child, Section 87(1)(b) of the Basic Conditions of Employment Act (BCEA) 75 of 1997.

Compiled By: Altaan Venter (Registered Dietitian)

HERALD

SIMON BREEK BAANSYFER

Hou jou bofhoue in die skoonveld en jy sal voorstaan by die prysuitdeling. Simon Malgas het verlede Saterdag presies dit gedoen en speel rondtes van 35 en 34 houe, drie beter as baansyfer. Hy wen die Januarie HBA maandbeker met hierdie goeie spel. Jackie was tweede met 71 netto, wat 'n goeie aanduiding is dat die lae-voorgee gholfers beter vaar as die baan se moeilikheidsgraad hoër is.

Volgende naweek is die Sundowners van Vaaldriehoek hier en speel Heilbron se ligaspan op Reitz in die eerste ligabepaling vir 2021.

Die klubkampioenskappe gaan op 6 Maart aangebied word, kom oefen solank anders kan die dag baie lank word.

Vrydag Jokerpot is weer aan die



Op die foto vl: Simon Malgas en Jackie Leonard.

gang en was die eerste trekking gewen deur Willie Pretorius. Die Joker is nog steeds in die pak en

staan die pot reeds oor die R 3000. Môre is dit gewone spel vanaf 11:00.



BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 15 FEBRUARIE 2021

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 16 FEBRUARIE 2021

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

MONT PELAAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

FRANKFORT:
FRANKFORT BONSMARA AANTEELVEILING
362 Vroulike aanteeldiere
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

WOENSDAG - 17 FEBRUARIE 2021

BLOEMFONTEIN:
NASIONALE DOHNE MERINO VEILING
50 Ramme
11:00, BKB Kompleks, skougronde
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DonDERdag - 18 FEBRUARIE 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

REITZ: NICO KRIEK & VRIENDE
Rooi aanteelbeeste
11:00, Welgeluk, Reitz
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937

VRYdag - 19 FEBRUARIE 2021

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Sakkie v Rensburg 082 562 0937



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za

PLAASAANVAL TE BOSKOPPIE



Drie verdagtes dood in 'n plaasaanval. 'n Boer woonagtig op 'n plaas in die Kroonstad distrik, ongeveer 8km op die Edenville pad uit is vanoggend deur 4 gewapende mans aangeval.

Mnr. Pieter André Swart (37) is op sy plaas Boskoppie aangeval. Hy kon daarin slaag om sy vuurwapen te kry en verskeie skote is afgevuur. Drie van die verdagtes is noodlottig gewond en 'n ander het daarin geslaag om te vlug. Mnr. Swart is met 'n meswond in sy nek en op sy kop na die naaste hospitaal geneem vir mediese sorg.

POWER YOUR ROUTER
EVEN WHEN THE POWER'S OUT

7V TO 24V
8800MAH
MINI DC UPS

R990-00 incl VAT
Now in stock | While stocks last!
44 Els Street • Heilbron
Tel: 058 852 3033

F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com